**KLEIN KAROO VOETSLAANKLUB VERSLAG**

**MEIRINGSPOORT DAGSTAP**

**04 JULIE 2026**

Water het 'n ongelooflike krag en invloed op die omgewing, soos onlangs weer met die baie reën in baie dele van die Wes- en Suid-Kaap met die verspoelings en gepaardgaande ontworteling van groot bome en vernietiging van landbougrond en infrastruktuur bewys is. So het Meiringspoort ook deurgeloop met 'n indrukwekkende oorstroming van die Grootrivier wat groot skade aan die pad in Meiringspoort aangerig het.

Omdat nuuskierigheid 'n karaktertrek van voetslaners en mense in die algemeen is, het ek besluit om 'n dagstap vir die klub vanaf Meijersrust, die plaas van Barry Meijer teenaan die Swartberg daar waar Meiringspoort eintlik begin, op 04 June 2026 te reël om te gaan kyk hoe dit in Meiringspoort lyk. So het ons om 08:00 by Pick n Pay in Oudtshoorn bymekaargekom, vertrek en van die ander belangstellendes om 08:45 by Meijersrust ontmoet, vanwaar af ons begin stap het met die doel om tot by die waterval en terug te stap (sowat 16 km). Daar was altesaam 25 mense wat gestap het, insluitend Mila (6) wat die jongste van die groep was.



*Vlnr: Makayla Bacon, Charné Raubenheimer, Lara Bacon (voor), Rogan Bacon (agter), Marina en Charles Muller, Yvonne van den Berg, Leonie Smith, Jenny Blacquiere, Marianne Greeff, Jos Smith, Jacomi en Derek Odendaal, Suezette Smit (voor met Mila), Louis du Preez, Elizna Briedenhann, Cassie Coetzee, Susan Bartholomew, Marina Kühn, Arona van der Merwe, Danie Whielers, Elna van der Walt, Deon Coleske (Foto: Danie Steyl)*

Dit was maar koud, en almal sou eers heelwat later hulle warm baadjies, kopmusse en handskoene begin uittrek. Omdat die pad deur Meiringspoort baie gelyk is met 'n effense helling, sou die stap darem nie te moeilik wees nie.

Sommer met die wegtrek het die groot sandbanke aan weerskante van die pad herinner aan die geweldige stroom water wat deur die poort afgekom het. Dit was natuurlik lekker om weereens stapvriende te sien, lekker te gesels en te hoor wat hulle alles doen en waar hulle laas gestap het.



*Skade langs die pad en op die pad.*

Die vloed het heelwat skade orals langs die pad aangerig met grond wat langs die pad tot teen die rand van die pad weggespoel is en plek-plek dele van die pad heeltemal weggespoel het. Die rivier het nog redelik sterk gevloei, en ons moes plek-plek by driwwe skoene uittrek om deur die water te loop.



*'n Drif waar die pad heeltemal weg is en ons waaghalsig oor die muur moes loop, en een waar ons deur die water moes loop.*

Op ander plekke waar die pad nie beskadig is nie, is daar groot hope sand en klippe wat die vloed op die pad agtergelaat het.



*Hope klippe en sand op die pad.*

Soos altyd het almal natuurlik heerlike eet- en drinkgoed saamgeneem en plek-plek langs die pad gaan sit om die natuurskoon van Meiringspoort, ongeag die skade wat aangerig is, te geniet. Dit is nou een ding van ons voetslaners – ons laat nie ons positiewe gees blus nie, en lekker kuier is nie vir ons vreemd nie!

Soos wat ons deur die poort geloop het, kon ons op plekke opdrifsels in die bome sowat drie meter bokant die padoppervlak sien, met die bodem van die rivier sowat vier meter onderkant die padoppervlak, wat beteken dat die rivier daar ten minste sewe meter diep moes geloop het – dit is omtrent twee verdiepings van ’n woonstelblok!



*Hierdie foto’s vertel hulle eie verhaal.*

By baie plekke op die pad was sand, ander opdrifsels en boomstompe, en onder in die rivierloop was heelwat stompe van ontwortelde bome.

By die laaste drif net voor die waterval het die helfte van die groep omgedraai, terwyl die ander helfte van die groep deur die water van die drif en oor die hoop sand en klippe op die pad gestap het om na die waterval te gaan kyk. Die groep het oor ’n afstand uitgerek, en almal het op hulle eie tyd teruggekeer om hulle voertuie by Meijersrust te kry en huiswaarts te keer.

Waarskynlik was ons met hierdie stap net betyds om nog die ent te kon stap, want volgens ***gerugte*** gaan die poort binnekort heeltemal gesluit word om met die herstelwerk te begin. Daar was reeds ’n paar voertuie in die poort wat met die basiese opruimingswerk en verwydering van opdrifsels ens. begin het.

Wat die herstel van Meiringspoort betref, kom ons maak ’n lang storie kort – ons gaan nie gou weer deur die poort ry nie. ’n Mens kan maar net hoop en vertrou dat behoorlike kontrakteurs aangestel sal word om die skade aan die pad te herstel!

Tot volgende keer!

**Danie Steyl**